

Thomas François Burgers en die Nederlands/Afrikaanse dorpsverhaal

Wium van Zyl

From the 20th of September 1866 Thomas Francois Burgers (1834-1881) published the first of his essays and short stories, "Toneelen uit ons dorp" in the liberal Cape newspaper Het Volksblad. Although Burger's work is mentioned in studies on Afrikaans literary history, it seldom is taken in account when efforts are made to describe literary development. This is partly due to the unavailability of the texts but also because it was written in Dutch. In this article arguments are put forward that it should indeed be considered as part of the Afrikaans literary history. Subsequently a comparison is made between this collection and (other) Afrikaans "town stories", especially stories in which a town is being presented as a microcosmos. The sub-genre "plaasroman" (farm stories) is furthermore brought into consideration because it also contains an isolated literary space and forms a tradition that has lately received much attention from critics. This leads to a conclusion that at least some of the recent hypotheses on the history of Afrikaans prose should be adjusted.

1. Inleiding

Thomas François Burgers se sketse en verhale, getitel "Toneelen uit ons dorp" (1866-1869) is op 'n enkele uitsondering na nog nooit werklik in die ontwikkelingslyn van die Afrikaanse letterkunde geplaas nie. Die uitsondering is Abraham H. de Vries se *Vertelpatrone in die Afrikaanse kortverhaal*, 1867-1984 (1986). De Vries identifiseer Burgers as eerste Afrikaanse kortverhaalskrywer (hoewel sy werk in Nederlands geskryf is) en dus as die pionier van 'n belangrike genre-tradisie.

Dit is opvallend dat Burgers, 'n Afrikaans- of Nederlandssprekende wat self op 'n plaas grootgeword het, begin met "dorpsverhale" en nie soos die Engelse pionier van die Suid-Afrikaanse romanliteratuur, Olive Schreiner, met 'n plaasroman (*Story of an African farm*, 1883) nie.

Hierdie artikel wil die aandag opnuut vestig op Burgers se "Toneelen" en spesifiek op die vraag na die verhouding waarin dit staan tot bepaalde ontwikkelings in die Afrikaanse prosa. In die verband sal vergelykings getref word met voorbeelde van die Afrikaanse "dorpsverhaal", maar óók gebruik gemaak word van resente ondersoekers se bevindings ten opsigte van die plaasroman. Laasgenoemde bied naamlik 'n vollediger literêr-historiese maatstaf terwyl dit tot dieselfde kader behoort.

'n Kortverhaal ("Op berge en in dale...") en 'n roman ("Vatmaar") sal ten slotte in meer besonderhede by die vergelyking betrek word om die "Toneelen" in reliëf te help plaas. Die twee tekste is gekies op grond van vergelykbaarheid en ongeag die lengteverskil. Die lengte van 'n teks is trouens slegs 'n relatiewe saak gesien in die lig van die tipologieë wat genoemde ondersoekers ontwikkel. Ten tweede is die

Burgers-tekste self 'n merkwaardige versameling van wat 'n mens sketse en verhale kan noem. Dit bevat selfs in sy slotverhaal 'n eksperiment met die drama. 'n Mens sou egter óók kon argumenteer dat die geheel digby 'n roman kom. Juis die uitgesproke invulling van die dorpsruimte, die gebruik van 'n enkele oënskynlik beherende verteller en 'n aantal terugkerende personasies, asook die deurgevlegte betoog ten opsigte van van een enkele saak bind die onderdele saam tot 'n geheel.

In die aanloop tot die vergelykende bespreking van die tekste sal Burgers se werk egter eers in literêr-historiese konteks geplaas word omdat hierdie posisionering van groot invloed is op die benadering van eersgenoemde vraag. Daar sal ook ingegaan word op die verskynsel dat Afrikaanse literatuurhistorici geneig is om die vroeë Suid-Afrikaanse Nederlandstalige literatuur buite rekening te laat by pogings om ontwikkelings te karteer. Die hooftese van hierdie artikel is dat laasgenoemde 'n onteregte benadering is wat veroorsaak dat belangrike kontekstuele aspekte misgekyk en bevindings skeefgetrek word.

2. Konteks

Tot onlangs was Burgers se werk nie vryelik beskikbaar nie. Praamstra sorg in 2004 vir 'n bloemlesing, *Dorp in het Onderveld, Zuid-Afrikaanse verhalen*. Met die oog op sy hedendaagse Nederlandse publiek sny Praamstra langdradige onderdele uit en laat ook enkele verhale heeltemal weg.¹

Die tekste het nog nooit voorheen saam in een band verskyn nie. Dit is destyds ongeregeld in die progressiewe Kaapse koerant *Het Volksblad* gepubliseer onder die algemene titel “Toneelen uit ons Dorp, of Schetsen uit ons Dagelijksch Leven”. Die eerste twaalf stukke is vervolgens in 1867 in drie bundeltjies as *Toneelen uit ons dorp* in Suid-Afrika gebundel en daarna in 1882 in Nederland herdruk en ingelei deur sy gewese privaatsekretaris Theod. M. Tromp. In die koerant, net soos by die 1867-druk, word sy identiteit, kennelik om strategiese redes, verswyg. Volgens die koerant is dit die werk van “een Onderveldschen Dorpsbewoner”. Pas by die postume 1882-uitgawe word sy naam - versier met volle titels - bekend gemaak: “Dr. Thomas François Burgers, Gewezen President der Transvaalsche Republiek”.

Daar is 'n goeie rede waarom Burgers onder 'n skuilnaam skryf. Hy is op hierdie stadium predikant in sy eerste en enigste gemeente, Hanover in die Karoo. Enige uitsprake oor 'n dorp sou misvattinge in sy gemeente moontlik gemaak het. Maar belangriker - hy is op hierdie stadium gewikkel in 'n vreemde dispuut met die NG Kerk. Hy is geskors uit die Kaapse Sinode, maar word wel in sy eie gemeente aanvaar. Om sy posisie te probeer uitklaar, is hy besig met hofsake waarin hy ook elke keer gelyk gegee word (Lijphart-Bezuidenhout 1984: 39-40). Die Sinode probeer egter ontkom aan die hofuitspraak dat die skorsing opgehef moet word deur vir jare lank geen sitting

te hou nie. Die rede vir die Sinode se optrede, is die gespanne verhouding tussen enersyds die oorwig aan ortodokse predikante met die bekende ds. Andrew Murray aan die voorpunt en andersyds veral jong predikante soos Burgers wat in Nederland afstudeer het en onder sogenaamde “liberale” invloed sou staan. Die manier waarop Burgers by die Sinode aangekla is, illustreer reeds die oorverhitte situasie. Die klaer was ’n lidmaat van die buurgemeente Colesberg, iemand wat hy selfs nooit voorheen ontmoet het nie. Dié beweer slegs dat hy verneem het Burgers het onregsinnige opmerkings in ’n persoonlike gesprek gemaak! “Toonelen uit ons dorp” staan egter vol met uitsprake wat wel as onregsinnig getipeer sou kon word. Ons het dus te make met ’n stuk letterkunde wat *sub judice* gepubliseer word!

3. Regionale Realisme

Die newetitel waarmee Burgers se rubriek aangekondig word, naamlik “Schetsen uit ons Dagelyksch Leven”, plaas sy werk duidelik binne die 19de eeuse Europese Realisme. Die openingsparagraaf verdedig dit dat hier oor ’n “Onderveldse dorp” geskryf word: “Wat? Tooneelen uit een Afrikaansch, en nog al onderveldsch dorp! Komaan, dit is immers gekheid! Wat valt er uit het dagelyksche leven van een ‘Onderveldschen Dorpsbewoner’ te vertellen, en welke tooneelen leveren de onderveldsche dorpen op? En dan nog al de dorpsbewoner voorop!” (Burgers 2007: 1). Die verteller verseker vervolgens die fiktiewe weerstrewige leser dat hy heeltemal nie soveel moeite het om beskryfbare tonele te vind nie “als om ze goed te tekenen”. Daarop beklemtoon hy dat hy dit uit sy eie gesigspunt gaan beskryf en stel homself om hierdie rede uitgebreid aan die leser bekend.

Uit studies oor die globale Europese literatuurgeskiedenis (o.m. Bakker e.a. 1994: 829 - 836) blyk dat dit hier om ’n “algemene literaire tendens” gaan wat in die tweede helfte van die 19de eeu ontwikkel en oor Europa versprei het. Vgl. die volgende kriptiese definisie: dit is “de representatie van een tijdgebonden werkelijkheid, neemt als uitdrukkingsmiddel de vertelling, waarin rekening wordt gehouden met het aspect tijd (een verhaal vertellen) en de dramatische uitbeelding (vandaar het veelvuldig gebruik van dialoog). Het adopteert de prozavorm, die zich beter leent om de dagelijkse werkelijkheid weer te geven (...). (831) Die roman word vervolgens in genoemde publikasie aangedui as die realistiese genre by uitstek en verskeie variante rigtings word geïdentifiseer waaronder “regionaal realisme” (836). Burgers se openingsinnee is kennelik ’n verdediging van laasgenoemde variant van die Realisme. Terwyl die lewe “in de provincie” in sommige literature as een van die “facetten van de realiteit” beskou is, is dit elders egter oorheersend: “In sommige landen echter, onder meer de Duitstalige landen, Bohemen, Hongarije, Servië, Kroatië en Griekenland, richten de schrijvers zich vooral op het platteland, omdat

daar de nationale identiteit het sterkste gevoel word en de nationale geest het meest zuiver en compleet tot uitdrukking komt.”² (836) Een van Burgers se doelstellings is inderdaad om die identiteit sowel as die besondere lewenswyse van die dorpsbewoners (en Kapenaar) te beskryf.

Literatuurhistorici soos J. C. Kannemeyer (2005: 32) het tot dusver Burgers se werk geplaas in die tradisie van Hildebrand³ (*Camera Obscura*, 1839) se “kopieerlust des dagelykschen leven”. Hildebrand is inderdaad ’n vername verteenwoordiger en invloedryke pionier van die Realisme in Nederland. Burgers se werk is ook voorheen verbind met dié van nog ’n Nederlandse domineesskrywer, C. E. van Koetsveld (1807-1893) met dié se veel herdrukte *Schetsen uit de pastorie te Mastland* (1843). Lijphart (1972: 18) wys uit dat daar weinig tekens is dat Burgers lg. dorpsbeskrywing nagevolg het.

Burgers se beskrywing van ’n verskeidenheid tipiese dorpsbewoners (de predikant, de ouderling, de winkelier, de drentelaar, de dorpsrentenier, de Hottentot, de Kaffer, ens.) hou terselfdertyd verband met wat Wezel (1993: 455-460) die 19de eeuse “typenggenre” noem. Die personasie word aangebied as verteenwoordiger van soortgenote waarby gestrewe word na “algemeene karakterschildering”. In die opsig is Klikspaan (J. Kneppelhout) se *Studenten-typen*, waarvan die eerste skets in 1839 verskyn, die voorloper in Nederland, maar dit is eweneens deel van ’n Europese verskynsel. Hierdie kategorisering het ’n natuurwetenskaplike basis en gryp volgens Wezel terug op klassifikasiemetodes wat onder meer in die Soölogie ingespan is.

Die genoemde Nederlandse realiste is ook tegelykertyd humoriste en Hildebrand gaan soms satiries te werk. In sy inleiding by die Suid-Afrikaanse uitgawe van die *Camera Obscura* (1932: XXVI) maak G. Dekker ’n belangrike onderskeid tussen Hildebrand se satire en “gemoedelike spot” en dié van die latere Multatuli. Eersgenoemde spot is “bedoelingloos” en slegs deel van sy styl. By laasgenoemde gaan dit egter “om die opsetlike bedoeling om kritiek te gee” en “om die noodsaak van hervorminge aan te toon”.

Verbasend genoeg is Multatuli se naam nog nooit in verband met Burgers genoem nie. Die *Max Havelaar* verskyn in 1860, twee jaar na Burgers se vertrek uit Utrecht wat hyself die plek van sy “tweede geboorte” genoem het (Engelbrecht 1933: 166). Burgers het naamlik direk na sy skoolopleiding in Graaff-Reinet in 1853 in Nederland gaan studeer en in 1858 sy studies as predikant voltooi. In 1859 word hy predikant op Hanover. Dit is dus onwaarskynlik dat hy nie van Multatuli se opspraakwekkende roman kennis geneem het nie. Hy begin self in 1860 teologiese stukke – soms onder skuilnaam – publiseer in die Kaapse liberale tydskrif *De Onderzoeker*. As hy in 1866 begin om sy *Tooneelen* te publiseer, gebruik hy die verhaalkuns net soos Multatuli “met opsetlike bedoeling” as wapen om op ’n subtieler manier as wat teologiese opstelle self dit sou toelaat, deur te dring tot ’n breër publiek. Telkens skep hy situasies of maak hy toespelings waarin hy die ortodoks kan bykom. Die selftevrede ortodokse predikant

(’n “tipe” dus) wat hy ten tonele voer, is vergelykbaar met Multatuli se berugte Droogstoppel-figuur, die karikatuur van ’n etieklose Nederlandse koffiehandelaar met tonnelvisie. Sy kritiek op die ortodokse plaas hy in verskillende monde: dié van sy verteller, maar o.a. ook dié van ’n katkisant en – met die volle uitbuiting van patos – ’n alleredele sterwende meisie. Sy laaste stuk, getitel “Achter de schermen”, wyk sterk af van die beskrywende aard van die voorafgaande sketse en verhale. Sy verteller neem nagenoeg kommentaarloos saam met die leser plaas agter die skerms by ’n toneelstuk sodat sowel die versteekte private as die openbare werklikheid (“op dit laatste wordt gespeeld, op het eerste gehandeld”, Burgers 2007: 184) sigbaar raak. Telkens word die valsheid van individue geïllustreer. Die situasie met die Sinode word ’n “zwijnenhistorie” (Burgers 2007: 186) genoem. Een van die figure wat die verhoog opgestuur word, is ’n teologiese “Doctor”, iemand wat hom wel bewus is van die twee kante van die werklikheid, maar staan vir “de magt der Kerk en harer dienaars”. Hierdie teoloog begin al deur ’n glas wyn aan te neem nadat hy seker gemaak het niemand sal hom sien drink nie. Die leser word daarna getuie gemaak van ’n gesprek tussen die Doctor en ’n intelligente mede-teoloog wat uiteindelik die hooggeleerde skaakmat sit oor die Sinode se optrede in die Burgerssaak. Hy stel naamlik dat enigeen wat ’n bietjie nadink al “onze armzalige voorwendsels doorziet” en dat dit “ons de rol van huichelaars” laat inneem. Wanneer die Doctor die gesprek opgee het, erken dieselfde skerpsinnige gespreksgenoot egter alweer teenoor ’n volgende gespreksgenoot dat hyself ’n saak in die openbaar verdedig wat hy op logiese gronde nie ondersteun nie. Dit gaan naamlik oor die toekenning van staatsgeld om predikante se salarisse te betaal, iets wat die ortodokse bevoordeel. Net soos Multatuli maak Burgers ten slotte seker dat die leser nie kan twyfel oor die saak wat bepleit word nie: in sy geval die morele en etiese verwerplikheid van die Ortodokse. Hy gaan om verstaanbare redes egter nie sover om sy eie masker af te ruk nie.

In 1871, wanneer hy reeds sy reeks gestaak het, loop hy egter wel vir oulaas egter sy opponente onder sy eie naam trompop met ’n bundel artikels, *Wederlegging*.⁴

Burgers het dus veral twee oogmerke met sy “Toneelen”: om ’n besondere soort mens en lewenswyse te beskryf en om ’n saak te dien.

4. Verhouding met die Afrikaanse Letterkunde

Burgers se prosa voer sedert die verskyning van die *Toneelen* ’n skadubestaan in sowel Nederlandse as Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Lijphart-Bezuidenhout sê daarvoor: “Die Nederlanders ag hulle te min of reken hulle tot die Afrikaanse literatuur; die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywer ag hulle eweneens te min of reken hulle vanweë die taalvorm tot die Nederlandse letterkunde”. (1972: 12) In

Praamstra (2004) se herbekendstelling daarvan noem hy dat hierdie soort literatuur niks besonders in die Nederlandse Letterkunde van die 19de eeu is nie. Wat wel besonders is, is dat dit 'n "totaal ander samenleving" (Praamstra 2004: 130) aanbied. Hy wys ook op die onbekendheid in Nederland van 'n Suid-Afrikaanse Nederlandse Letterkunde wat hy in die proses bekendstel (Praamstra 2004: 121).

In Suid-Afrika het die plaaslike Nederlandse Letterkunde veral in die begin van die 20ste eeu bedolwe geraak in die strewe na die opbou van 'n Afrikaanstalige Letterkunde. 'n Belangrike figuur soos C.J. Langenhoven het die stryd vir Afrikaans juis aangeknoop as 'n stryd teen Nederlands (Kannemeyer 1995: 236). In Conradie se twee groot werke oor die *Hollandse skrywers in Suid-Afrika*, gepubliseer in die jare Dertig, noem sy dat ons nou gelukkig al ver weg is "van die chauvinisme van omstreeks 1920". In die jare dertig was daar by Afrikaanse literatore inderdaad 'n nuwe opbloeï in die belangstelling in Nederlands (vgl. o.a. ook Opperman 1939) en die Nederlandse Letterkunde, o.m. geïnspireer deur die esteties-ingestelde Dertigers. Juis die estetiese literêre oordeel begin dan egter in die Afrikaanse kritiek oorheers en dit bied opnuut 'n rede waarom die plaaslike 19de Nederlandse letterkunde min waardering vind. Dit is waarskynlik waarom Truida Lijphart-Bezuidenhout so versigtig is met 'n waarde-oordeel oor Burgers se werk wanneer sy dit in 1972 weer aan die vergeetheid ontruk.⁵ Sy verwys uiteindelik wel na "die sjarme van hierdie sketse" (1972: 19).

Uiteraard sou die Afrikaanse Letterkunde nooit so gou so sterk kon groei as daar nie voortgebou kon word op 'n reeds bestaande plaaslike Nederlandse boekebedryf en veral 'n sterk koerant- en tydskrifwese nie. D. J. Opperman (1939) se opstel uit eweneens die jare Dertig, "Waar begin die Afrikaanse Letterkunde?", bevat in dié opsig verhelderende uitsprake. Hy noem o.m. dat nie slegs die taalvorm nie, maar die geesteshouding in die oorgangsituasie in aanmerking geneem behoort te word: "As 'n volksplanting die vaderlandse kultuur net voortsit onder nuwe omstandighede sonder voldoende geestelike aanpassing, dan kry ons 'n koloniale letterkunde wat net 'n nuanse is van die vaderlandse letterkunde; maar as die geëmansipeerde volksplanting 'n eie selfstandige houding ontwikkel, duidelik onderskeibaar van die vaderlandse, dan kry ons 'n nuwe literatuur." (57) 'n Mens moet volgens hom dink aan 'n psigiese proses. Burgers se hierbo aangehaalde verdediging van sy onderwerp (Burgers 2007:1), is in hierdie verband uiters relevant. Dit is 'n bewys of selfs 'n pleidooi dat sy werk inderdaad onderskeibaar deel is van hierdie nuwe geesteshouding al spot hy ook wel daarmee. (Vgl. maar sy definisie van die "Kapenaar" wat later in hierdie artikel aangehaal word.) Wat Praamstra aandui ten opsigte van die "totaal ander samenleving" bevestig dit.

Met betrekking tot die taalvorm is daar bowendien 'n bewuste spel aan die gang. Terwyl Lijphart noem dat Burgers se Nederlands perfek is, wys Praamstra op die dialoog: hoe minder ontwikkel iemand is, hoe meer Afrikaans is sy spraak met die gekleurdes wat die onderlaag uitmaak vooraan (Praamstra 2004: 133).⁶

Weens tendense in die eerste dekades van die 20ste eeu het daar dus Afrikaanse barrikades teen die voorafgaande Nederlandstalige Suid-Afrikaanse literatuur ontstaan. Só is 'n natuurlike band wat betref die ontwikkeling van die literêre sisteem, geestelike ingesteldheid én taalgebruik kunsmatig verbreek. Om die literêre betrekkings tussen Burgers se werk en die Afrikaanse prosa te ondersoek, gaan dus in teen lank agterhaalde misstande wat tóg bly voortbestaan het.

5. Dorps- en plaasverhale

Soos aanvanklik genoem, is die betrekking waarop in hierdie artikel gekonsentreer gaan word, dié ten opsigte van die plaas- en dorpsverhaal.

Lubbe en Wichahn (161) toon aan dat die Afrikaanse plaasroman se hardnekkige ontwikkeling tot en voortbestaan as sub-genre deur verskillende literêr-historiese fases kom “omdat die tradisionele plaasroman so volledig uitdrukking gegee het aan 'n Afrikaanse en politieke lewensbeskouing”. Volgens hulle is daar dan drie fases aan te wys, dié tussen 1920 en 1940 waartydens dit draer geword het van hierdie “Afrikaanse gedagte”. Hierop volg die “internasionale gedagte” vanaf 1956-1976 waarin dit 'n terrein word vir bevraagtekening van en botsing met juis die nasionalistiese hegemonie vanuit 'n progressiewe internasionale optiek. En nog meer: “Die plaas word eerder beeld van 'n komplekse Suid-Afrikaanse samelewing en selfs 'n universele wêreld waarin goed en kwaad ineengestremel is” (161). Ontluistering en parodiëring is dan opvallend. In die tydperk 1976-1994 volg 'n post-moderne fase waarin die vertelsituasie die leser in onsekerheid laat, “realisme en fantasie” (163) saambestaan en teenoor die tradisionele stad/land-onderskeid word die plaas “eerder metafoor van 'n veranderende en komplekse Suid-Afrikaanse en universele werklikheid waarin die goeie en bose ineengestremel is” (163). Ewe belangrik is dat die blanke boer se “natuurlike besitreg” nou bevraagteken word en daar vir die eertydse besitter eerder 'n ideologiese soeke ontstaan na 'n “plaats” (plek) in Afrika.

Van Coller (1995: 24-25) wys daarop dat hierdie ontwikkeling ooreenkom met 'n bevinding van Alistair Fowler (1974) oor tipiese genre-evolusie.

Uit Van Coller (2006: 100-103) se bespreking van die “Afrikaanse dorpsroman” is dit duidelik dat die aanvanklike ideologiese lading (die idealistiese draer van die “Afrikaanse gedagte”) wat dan die verdere fases van 'n sub-genre, teenbewegings, kon uitlok soos wat Lubbe en Wichahn by die plaasroman aandui, hier ontbreek. Soek 'n mens in die vroeë Afrikaans-Nederlandse literêre landskap na 'n dorp waarin 'n min of meer vergelykbare ideale, harmonieuse toestand bestaan, kom die Nederlandse domineeskrywer S. Ulfers se indertyd herhaaldelik in Suid-Afrika voorgeskrewe en dus goed bekende *Oostloorn, Dorpsschetsen* (1903) eerder na vore.⁷

As gevolg van hierdie “leemte” word dit hier sinvol gevind om bevindinge oor

die plaasroman as literêr-historiese maatstaf in te span. In wese gaan dit ook by sowel die dorps- as plaasroman om 'n afgegrensde verbeelde plattelandse ruimte waarbinne verskynsels aan die lig gebring word wat eiesoortig, maar ook universeel kan wees.

Van Coller (2006: 100) wys inderdaad ook daarop dat die Afrikaanse dorp in die meeste toepaslike romans eerder 'n tussenstap vorm van die plaas na die negatiewe stad en self 'n bese plek is. Veral t.o.v. moderne romans besluit hy: "Dikwels verteenwoordig die dorp 'n mikrokosmos en word dit derhalwe 'n beeld van Suid-Afrika" (103).

6. *Toneelen uit ons dorp*

Na aanleiding van hierdie opmerking kan 'n mens terugkeer na die dorp van Burgers. By sy woorde "ons dorp" is verbandlegging met Hanover waar hy letterlik sit en skryf het voor-die-hand-liggend. De Vries (1986: 9) waarsku egter al oor die "opsetlike vaagheid" ten opsigte van die ligging, iets wat vir hom 'n duidelike "fiksionele indikatie" vorm. Minstens twee "fisiese" gegewens wys inderdaad in 'n ander rigting as Burgers se eie gemeente. Dit is onwaarskynlik dat hierdie jong dorp reeds sulke ontwikkelde tuine kan hê soos in die verhale en nog duideliker: daar is nie 'n heuwel buite Hanover waarop die "locatie" hom kon bevind nie. Hy het egter één ander dorp goed geken wat wel beide het: Graaff-Reinet! Daarteenoor is die gebeure wat hy aanbied, veral waar dit die kerkpolitiek raak, eietyds t.o.v. die produksie- en publikasiedatum. Die presiese ligging en naam stel die verteller: "doet er niets toe" (Praamstra 2004: 7) en hy voeg by dit is "een van die menigvuldige dorpen die in de laatste vijftien jaren als door tooverkracht uit de grond zijn opgerezen". Lg. sluit natuurlik wel Hanover in (en Graaff-Reinet uit) en dui trouens op 'n ingrypende maatskaplike ontwikkeling. Burgers stel dus vir hom 'n verbeelde ruimte saam. 'n Mens sou dit kan toeskryf aan die versigtigheid om sy identiteit nie prys te gee nie, maar minstens ewe veel aan die skep van 'n dorp waarin hy juis alle soorte situasies en figure kan huisves, 'n eiesoortige mikrokosmos: fiksie om die werklikheid te ontmasker. Naamloosheid is daarom juis betekenisvol.

Van Coller (1995: 25) en Lubbe en Wichahn (160) dui aan dat die plaasroman in sy eerste fase gekenmerk word deur 'n "manipulerende ouktooriale verteller". Lubbe en Wichahn maak lg. ook van toepassing op die tweede fase.

Ook Burgers stel so'n anonieme en bekomentariërende verteller (weliswaar meesal 'n eerstepersoonsverteller) aan die woord in die styl van sy tydgenote soos Hildebrand en Dickens. Soos De Vries (1986: 11) reeds aandui, is dit egter 'n stem met 'n "dubbele instelling" wat afwisselend krities en vereenselwigend-simpatiek kyk na sowel die "ek" as die "ander" en steeds speel met satire en ontmaskering. Trouens hy staan tyd daaraan af om sy leser te wys op iets wat literatuurteoretici daarna telkens

weer sou ontdek: “Lieve lezer, hebt gij nog nooit opgemerkt hoe in al die ‘schetsen’ en ‘photographien’ die wij zoo dagelijks ontmoeten, de vervaardiger nooit vergeten is, hoe hij er altijd in voorkomt en wel op den voorgrond?” (Burgers 2007: 8). Hy beklemtoon ook dat dit in die aard van die menslike visie lê dat sy sketse “hoewel getrouw, toch onjuist” sal wees.

Ondanks die duidelik beherende vertelinstansie word die relatiwiteit wat ’n mens pas volgens genoemde navorsers in die derde, heel moderne, fase van die plaasroman aantref *hier reeds* direk van toepassing gemaak op alle “toneelen”. Lubbe en Wiehahn (163) noem naamlik dat die leser in die “derde fase”, anders as voorheen, nie gelaat word met “bepaalde sekerhede” nie, “maar met ’n geskakeerde beeld waarin die geldigheid van bestaande waarhede juis verval”. In die romans wat hulle ondersoek het, blyk ook dat die verteller hom “ooglopend as skrywer of ‘storiemaker’” openbaar “sodat geïmpliseer word dat die plaasroman en dus ook die ideologiese betekenis daarvan, bloot gemanipuleerde ‘storie’ of fiksie is”.

Die verteller begin sy gallery van dorpsbewoners deur eers homself te teken. Die beskrywings wat hy gee, is beswaarlik verbindbaar met die persoon Burgers soos ’n mens dit op foto’s aantref. In die proses maak hy homself telkens ook wel verteenwoordigend van ’n groter groep: “De kleeding, het kapsel, de houding, de positie, het gelaat, alles verraadt den echte Kapenaar, den Afrikaner”. (Burgers 2007: 4) Uit ’n hele reeks eienskappe wat hy vervolgens opnoem, spreek die selfspot en die parodie op sy volksgenote. Om maar een te noem: “Genoeg zij het te zeggen dat het mij moeite kost mijn woord te houden en getrouw te zijn, doch dat het mij daarentegen zeer gemakkelijk valt om vertoornd te worden over ontrouw mij gepleegd, enz.” (Burgers 2007: 10) Daar is dus met die intrapslag sprake van parodie, weer eens iets wat Van Coller (1995: 25) pas in die modernste fase van die plaasroman aanwys. ’n Mens moet wel toevoeg dat Van Coller eintlik verwys na parodie van die genre en nie self-parodie nie. Wat hierbo egter genoem is oor die “vervaardiger” skakel dit by Burgers ook met die genre as sodanig.

Dit is dus wel duidelik dat Burgers se boek die patrone wat ten opsigte van die plaasroman aan die lig gekom het, deurbreek en in sommige opsigte ’n voorloper is op heel moderne verskynsels.

7. Magsverhoudinge

Vanuit ’n hedendaagse optiek is twee aspekte omtrent die magsverhoudings wat in “Toneelen” aan bod kom, opvallend: die kerklike beheer van die samelewing en die koloniale orde waaraan gekleurdes onderworpe is. Die situasie met albei word vervolgens kortliks hier omskryf en daarna nagegaan by die twee vergelykbare latere Afrikaanse dorpsverhale.

'n Retoriese middel in die skrywer se implisiete kritiek is die parodiëring van vaste ingesteldhede in die samelewing, en veral dit wat met die kerk te doen het. Sy verteller is pertinent geen dominee nie, maar 'n belese, intelligente en skerpsinnige persoon, lid van die dorpsraad en verder sonder duidelike beroep. Soos genoem, beeld hy die verteenwoordiger van die kerk uit as 'n ortodokse dominee wat telkens die kerklike tradisie verdedig, maar nooit met redelike argumente kom nie: "In de leer is hij zeer regtzinnig en denkt nog over alle geloofspunten perfect hetzelfde wat men voor twee honderd en meer jaren er over dacht. Niets ter wereld zou hem er toe brengen om in iets eenige verandering te maken. Zijne gebeden, voorafspraken, alles is nog hetzelfde als op den eersten dag, zoodat de gemeente ze schier geheel van buiten kent." (Burgers 2007: 20) Saam met die ouderling, Oom Willem, regeer hy egter die gemeente met 'n ysterhand. Terwyl die verteller op 'n bepaalde stadium nog vind dat Oom Willem eintlik wel "een knap man" (Burgers 2007: 61) is, kom ook dié uiteindelik nie vry nie. In die slotverhaal, die teatervertelling, blyk een van die vertroueswendelaars juis Oom W. te wees!

Min van die "Toneelen" is so skreiend, maar ook so onthullend van die bose wat gekleed in 'n kerklike manelpak in hierdie wêreldjie rondbeweeg, as die beskrywing van die "Huisbezoek". Die leser word "meegevoer", eers na 'n huis waar dominee en ouderling (Oom Willem) in die grootste spanning verwag word en die hele interieur daarvoor aangepas is, dan na 'n huis waar hulle reeds was en die huisgenote aan die herstel is van die inkwisisie-agtige ondervraging en uiteindelik na waar hulle pas gearriveer het.

Hierdie laaste besoek is by die gesin van "Neef Paul", 'n man wat volgens die verteller se introduksie getroud is voor hy daarvoor ryp was, reeds vader is van vyf kinders en hoop op 'n diakenskap. Hy verbeel hom hy weet meer as ander mense, ken "de genadestaat" uit sy kop en die "taal Kanaans spreek hij perfect"! (Praamstra 2004: 53) Inderdaad ontvang hy die gevreesde twee met gemak. Die dominee komplimenteer hom daarmee "dat de Heer u zoveel vrijmoedigheid geeft" (53) en laat al gou blyk dat nóg hy nóg Oom Willem deur sy selfingenomenheid en oppervlakkigheid kan sien. Dit geld ook wanneer hy uitlê hoe hy die duiwel steeds met "het zwaard des geloofs" aanval en op sy plek sit. (54).

Vervolgens rig die ouderling hom op Mietje, sy vrou, maar opvallend genoeg steeds via hom: "En hoe is uw vrouw nu met u eens, of wordt zij nog zoo door den Satan gezift zoodat zij soms zoo zwaarmoedig is?" (54). Die leser is reeds vooraf gewaarsku dat hierdie "arme vrouw" "reeds lang hare trouwbelofte van buiten en van binnen" geleer het, nl. "uw wil zal den wil des mans onderworpen zijn". (53) Wanneer sy op Oom Willem se vraag slegs 'n stille traan weggee, voeg die verteller toe: "Zijt gij zoo blind, dacht ik, gij ouderling en predikant, dat gij de sporen van mishandeling en van waren kommer en afgematheid niet zien kunt op dat reine gelaat, - dat gij het geloof

niet lezen kunt in dat betraande oog?” (54) As die swartgeklede kerkmanne op vertrek staan, laat die leraar ook nog self hoor: “Houd aan met te werken aan het hart uwer vrouw (...) en gij, juffrouw, laat u leiden door uwen man, gehoorzaam hem en volg zijn voorbeeld.” Die verteller voeg hierop toe: “De goede Mietje sprak niets. Wat zou zij zeggen?” (54)

Wanneer die huisbesoek verby is, laat die eggenoot sy ware kleure sien. Hy sê Mietjie, wat met ’n baba aan haar bors en ’n tweede van pas een jaar oud aan haar rokspand staan, aan om onmiddellik sy kruisbandknoop aan te werk. Vervolgens laat hy sowel die waterleiwerk as die smelt van loodkoeëls aan haar oor terwyl hyself uitry om te gaan jag. Kort hierna hoor die verteller “per ongeluk” ’n gesprek deur die twee dienaars van die geloof. Die dominee laat ontval hom oor Paul: “van harte wensch ik, dat al mijn menschen zoo waren” en Oom Willem: “Die man (...) moeten wij noodzakelijk in de kerkedienst hebben”(56)!

Die in wese bese sosiale magstruktuur in die oënskynlik Christelike dorp word dus hier ontmasker. Later, in die verhaal “Kinderdoop”, word geïllustreer hoe die toelating tot die kerklike doop gebruik word om selfs die wederstrewigste man aan ’n “inquisitie” (Praamstra 2004: 106) te onderwerp. In ’n samelewing waar veral moeders vrees dat ’n baba ongedoop mag sterf en daarom nie tot die hemel toegelaat sal word nie, het die dominee en sy hoofouderling dus die mag in die hande. Nadat hy die vrees van die gewone lidmaat ten tonele gevoer het, sorg Burgers egter dat hierdie mag uitgedaag word deur ’n figuur wat hom op die gereghshof beroep en só inderdaad ’n oorwinning oor die magklik behaal.

8. Koloniale magsverhoudinge

Burgers toon hom ook deeglik bewus van die koloniale magsverhoudinge en dan spesifiek dié tussen blankes en gekleurdes en nie dié tussen Boer en Brit wat enkele jare later die botoon sou begin voer nie.⁸ Reeds in sy eerste beskrywing van die dorp (Praamstra 2004: 10) skets hy die naasliggende “Kaffer-locatie of ‘*struissen*’”. Anders as “sommige menschen” wat hierdie plek (waarsonder hulle ook wel nie kan klaarkom nie!) as ’n “steen de aanstoets” sien, is die verteller positief daaroor. Hier doen hulle nog wat hulle kan om “hunne nationaliteit zooveel mogelijk op te houden”. Hulle het “vreemdelingen in hun eigen land geword”: “welk eene vreugde speelt er op het gelaat van Kaatje en Dina als zij des avonds onder haar eigen volk, afgezonderd van de, dikwijls met recht, gehate menschen, veroveraars van haar land, onder hare kinderen kunnen nederzitten, en hare eigen schoone taal hooren van de lippen hare lievelingen!” Hy vergelyk hulle voorts met die Israelse bannelinge in Babilon, ’n verbintenis wat indertyd waarskynlik ’n veel sterker impak op die leser sou gehad het as vandag. Anders as kennelik baie van sy

blanke dorpsgenote wens hy die gekleurdes alle moontlike vreugde toe by hul luide Saterdagse feesvieringe “al blyft er ook niets meer voor u over van uwe aloude vryheid, en van uw vaderland dan deze *locatie*”.

Alle verdere beskrywings van gekleurdes word dus teen hierdie simpatieke agtergrond geplaas. Dit geld bv. ’n vroeë voorbeeld van wat Jakes Gerwel in sy *Literatuur en Apartheid* (1983: 98) die “ek het maar saam met die baas gekom”-fase⁹ sou noem t.o.v. rol van gekleurdes in die Afrikaanse prosa vanaf 1926 tot 1935. Wanneer die verteller in die begin van die nagmaalsnaweek op die mark gaan ronddwaal, nader hy naamlik een van die knegte by ’n markwa vir inligting:

“Zoo! En wat hebt jelui op?”

“Goed, voor de markt.”

“Wat voor goed?”

“Zoo maar alles. Seur kan mos kijk.” (Praamstra 2004: 27)

Wanneer die seur dan wel kyk, blyk dit heeltemal nie “alles” te wees nie, maar slegs “huiden” wat beslis nie vir die gewone mark bedoel is nie! Die man se passiwiteit kan dus beskou word as die gevolg van sy koloniale onteiening.

Met sy skets van “twee figuren van knechten” in sy stuk “Onze dorpsbewoners” sorg Burgers vir karakters (“typen”) wat ooreenkom met stereotipes wat ’n mens reeds voorheen in die koloniale reis- en dagregisterliteratuur teenkom. Dit gaan egter ook wel verder. “Het zijn Tamboer en Januari, een Hottentot en Kaffer, beide zeer bekende schepsels in ons dorp”.

Tamboer is “een goed exemplaar van zijn snel verdwijnende ras”. Sy liggaamlike flinkheid en akrobatiese vermoëns word as uitstekend beskryf, maar dan tog wel weer vergelyk met dié van ’n dier met die toevoeging: “Het is als of hij het instinct aller dieren in zich vereenigt en helaas! niet minder hunne driften”. (Praamstra 2004: 22) Sy groot swakheid is egter sy liefde vir drank. Hierteenoor staan egter sy verbale vermoëns wat hom die meester van alle situasies maak en waarmee hy hom ook weer uit alle situasies red, selfs wanneer hy ’n onbetroubare werker was ondanks sy talente wat hom in staat stel om ongeveer alle vaardighede te bemeester wanneer hy daar sin in het. “Altijd vroolijk en altijd vrij, neemt hij de wereld zoo als hij die vindt.” (23) Negatiewe en positiewe eienskappe word dus teenoor mekaar gestel in ’n humoristiese beskrywing waar die klem ontseeglik op die negatiewe val. Hy is dus reeds ’n uitgeknipte voorbeeld van die “jollie Hotnot” waarna Jakes Gerwel (1983: 98) verwys t.o.v. die tydperk 1875-1925: ’n “verdrietlose, drankbeluste en werkskuwe narfiguur”!¹⁰

Januari is daarteenoor “steeds somber als een grijsaard” asook “langzaam en bedaard”. Van die twee is hy die wenner want die “Kaffer is voor de werkelijkheid, de Hottentot voor de schijn. De sombere houding, de bedaalde doch ferme gang van Januarij toonen

dat hij met de wereld zoaals hij is, ontevreden is. Hij denkt, hij werkt, hij werkt om den toestand der dingen en van zichzelf te veranderen.” (24) Hy bedek steeds sy gevoelens. “Zijn hoofdeigenaardigheid tegenover den Hottentot is, dat terwijl deze een echte hansworst is, hij daarentegen de bezadigde, denkende, calculerende politicus is”. (25)

Januari is dus vir Burgers verteenwoordiger van ’n sigself handhawende en na oorwinning strewende en Tamboer van ’n verdwynende ras, terwyl beide moet funksioneer onder die koloniale druk. ’n Enkele keer verskyn beide weer, nl. in “Kersttag en Nieuwjaar”. Die verteller besoek die “locatie” om die Nuwejaarsdansery te aanskou. Eers speel Tamboer (viool) en Januari (goerah) harmonieus saam, maar dan kom hulle in ’n danskompetisie teen mekaar te staan waartydens Tamboer tot groot ergeis van sy swart kollega steeds wen. Burgers wys hier wedywering uit wat digby ’n “boze vechtpartijgeest” (Praamstra 2004: 118) kom. Daar is dus nie slegs verskil nie, maar ook wrywing tussen die gemarginaliseerde gekleurdes.

Burgers se dorp bevat nog veel meer, van grappe, romanse, bruilof tot kinderdoop en die dood. Daar is plek vir die verteller se paradysagtige tuin waarbinne die sagste gras egter reeds die fatale siekte van die skone Marie verraai. In “Nieuwe Toestanden” waan die windbollige boer Piet homself ’n Franse Hertog om dan deerlik daarvoor gestraf te word en in koorsdrome sy hovaardigheid uit te sweet om volgens De Vries (1986: 19) só die begin te vorm van die “surrealistiese” lyn in die Afrikaanse verhaalkuns.

9. Twee Afrikaanse dorpsverhale

Vergelykingsmateriaal in die latere Afrikaanse letterkunde moet dus veral gesoek word by dorpsverhale waar dit juis gaan om die aanbieding van ’n geheel, van ’n mikrokosmos.¹¹ Die aandag word daarom vervolgens gerig op twee histories opvallend verteenwoordigende tekste wat onderskeidelik saamval met wat Lubbe en Wichahn die tweede en derde golwe by die ontwikkeling van die plaasroman noem. Dit is Etienne Leroux se “’n Dag in Berg-en-dal” (1964) en A.H.M. Scholtz se *Vatmaar* (1995).

Leroux s’n is slegs ’n kortverhaal, maar buitengewoon gelade. Hoewel hy die naam van sy dorp reeds in die titel noem, kan die leser al gou agterkom dat dit tog ook wel – soos Burgers se dorp – ’n vaagheid bevat en eerder abstrakte dimensies vertoon, vgl. bv. die nuwe-titel, “Drieduisend siele”. De Vries wys op die assosiasie met die bekende Gesang 7 “Op berge en in dale en oral is God ...” Die afwesige woorde uit die betrokke gesangreël kan dan juis as veelseggend beskou word. Verskeie kritici het inderdaad reeds gewys op die uitbeelding van morele verval in die dorp wat hier geskets word. (De Vries 1989: 76-78) Die naam is dus nie ’n reële pleknaam nie, maar in die eerste plaas ’n betekenisdraer.

Leroux se verteller is anders as by Burgers anoniem en neem 'n verhewe, alwetende posisie in. Dit gaan egter om 'n ewe beherende instansie soos blyk uit die opvallende verhaalopbou. Ondanks aanwysings word die finale interpretasie, net soos by die titel, aan die leser self oorgelaat. Lg. is wel vergelykbaar met Burgers se slotverhaal.

Die andersins realistiese bewoners word omvorm tot verteenwoordigers van veral 'n verskeidenheid frustrasies en begeertes: vgl. onder andere die “skynheilige” Reginald se belangstelling in die kleuterdogtertjie, mevrou Jolande van Niekerk se seksuele frustrasie, Lambert Maneweek se impotensie, die “erotiese sipresbome” wat die pastorie “oor skaduwee” en die Prinsipaal se “steeds toenemende verydeling”, Johan Barnard se “onuitputlike uitbundigheid” as verleier en ontmaagder, en die maagd Magriet se gewilligheid. Lodewyk Lodijsen, die boer wie se plisie “strek tot die nimmereindigende grens van sy verbeelding” is die literêre verwant van Burgers se gewaande hertog Piet wat hiér egter straffeloos mag voortbestaan. Die vernaamste verteenwoordiger van die bese is die alwetende, oënskynlik “monnikheilige” Gothriet Morgenthau. By die ontmaagding van Magriet tree hy as fasiliteerder op, maar bedek daarna deur 'n skyn van “onderdanigheid” en “cerbied” dat hy (op daardie stadium) Momus, die Griekse god van spot en skimp (Geerts e.a. 1984: 1740) verpersoonlik.

Net soos by Burgers is die figure dus personifikasies, verteenwoordigers van menslike verskynsels groter as die individu.

Met hierdie verhaal bied Leroux net soos in sy plaasromans dus inderdaad “'n komplekse Suid-Afrikaanse samelewing” net soos wat Lubbe en Wiehahn (160) t.o.v. dié sub-genre in die “tweede fase” aandui.

Die gemeenskap waarin die “siele” duidelik uitgelewer en selfs reeds bedorwe is, word nie slegs gekritiseer nie, maar ook gesatiriseer (Momus). In hierdie opsig is daar dus 'n sterk ooreenkoms met Burgers humoristiese en ontmaskerende benadering. Hoewel Leroux direkter taalgebruik en na sake in die samelewing verwys wat beswaarlik by Burgers kon voorkom, gaan laasgenoemde egter tog wel verder deur die korrupsie juis by die verteenwoordiger van die kerk uit te wys. By Leroux is die gegrendelde kerk hierteenoor eerder slegs magteloos teenoor die beheer wat die oer-gode geneem het.

In ooreenstemming met Lubbe en Wiehahn se beskrywing van die plaasroman op hierdie literêr-historiese stadium, ontbreek daar inderdaad enige noemenswaardige aanduiding van die koloniale magstruktuur.¹² Daar is wel 'n “lokasie” met “rommelhuisies”, maar selfs sonder die luidrugtige 19de eeuse weerstandige vreugde in Burgers se dorp al is dit 'n Vrydagaand. Passiwiteit (“vliegwaaiende Basoeto's”) en drankmisbruik (Lambert is terug op die plaas “dronk soos sy volk”) is die swartmense se enigste aktiwiteit.

Ondanks sy veel meer gekonsentreerde satire gaan Leroux dus in dié opsig nie so ver as die kritiese en parodiërende Burgers ten opsigte van sowel die dominerende kerklike as koloniale magsfaktore nie.

10. *Vatmaar*

Hierdie roman verteenwoordig 'n ommekeer omdat die gewese gekoloniseerde opeens met 'n sterk en seker stem aan die woord geplaas word.¹³ Soos by Leroux is die pleknaam veelseggend. Hier gaan dit om 'n gemeenskap van grotendeels verskoppeling wat sy ontstaan te danke het aan 'n derde, in wese onafhanklike party tydens die Anglo-Boereoorlog. In sy voorwoord maak Scholtz die inwoners egter ook verteenwoordigend “van die bruinmense van Suid-Afrika”. Vervolgens sorg hy vir 'n kaart van hierdie grotendeels denkbeeldige dorpie en die naasliggende “blanke” Dutoitspan. Daar word dus nou nie meer vertel óór nie, maar vanúit wat in die vorige twee tekste die “locatie/lokasie” geheet het.

Lubbe en Wichahn (163) se bevinding oor die vertelsituasie by die plaasroman in die “derde fase”, naamlik dat die “oorheersende, alwetende” verteller vervang word deur “wisselende perspektiewe” geld ten volle vir hierdie roman waar 'n ek-verteller begin, maar 'n hele verskeidenheid van stemme mettertyd aan die woord gestel word. 'n Veelvoud geskiedenis word aangebied met steeds verrassende nuanses. Die episodiese struktuur van die teks self, aangestip deur die beskrywende hoofstuktitels, gee aan die boek 'n 19de eeuse voorkoms wat in spanning staan met die post-koloniale inhoud. 'n Mens tref hier dus wel iets van 'n genre-parodie aan, dit wat Van Coller (1995: 25) by die plaasroman in hierdie stadium aanwys.

Net soos by Burgers en Leroux (laasgenoemde in 'n mindere mate en op verwickelde manier¹⁴) is hier sprake van 'n afwisseling tussen spot en erns. Terwyl die klem by Burgers op die ortodokse kerkbestel lê, is die verteenwoordigers van die koloniale magshabbers in *Vatmaar* veral die skyf. 'n Mens vind dit reeds in die benadering van die “Queen se Cape-boys” tot die Anglo-Boereoorlog waaraan hulle uitsluitlik ter wille van die dagloon deelneem en ook in Oom Chai se opportunistiese lojaliteitsbetuiging tot die Britse kroon wanneer dit hom werk kan help besorg. (16) Die blatantste bestraffing van die pretensieuse en rassistiese heersersklas is egter die karnavaleske inwyding van die kliniek teen die einde van die roman wanneer hulle uit onkunde van inheemse gebruike onder die invloed van die alkoholryke khadie alle inhibisies verloor en in bespotlikheid verval (296-304).

Vatmaar is 'n paradys van vryheid waar iedereen 'n tuiste kan vind, rangordes nie bestaan nie en soet romanse kan blom tussen mense van uiteenlopende afkoms. Die skrywer laat die bose egter juis in die vorm van rassisme en 'n neiging tot klassevorming sigbaar raak. 'n Onthutsende voorbeeld is die geval van die blanke Engelsman Oupa Lewies en die swart Ouma Ruth wie se groot liefde ras- en kultuurverskille volkome ignoreer, maar wie se kinders op hul beurt alle tekens van hul moeder probeer wegwerk en self oorgaan tot wandade teenoor swart mense. Tant Wonnie met die blanke uiterlike beland daarteenoor onskuldig in die gevangenis weens die

onregverdigde optrede van haar werkgewer, mevrou September, “’n swart bruinvrou – dié soort wat wit bruinmense haat” (121). Haar redding is ’n magistraat wat reg spreek teenoor haar, maar in wese gemotiveer word deur sy pro-blanke rassisme. Vir die eerste keer in die Afrikaanse letterkunde word egter ook rassisme tussen gekleurdes beskryf, iets wat Burgers wel aangeraak het in sy genoemde danstoneel op Nuwejaarsdag.

In die Vatmaar-gemeenskap is daar min sprake van beheer deur die kerk. Dit hou kennelik verband met die rassiesituasie. Terwyl Burgers wel aan die kwessie van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk raak en die sendingpredikant voorstel as ’n flou en getroue afskading van die blanke dominee, is die NG dominee in *Vatmaar* ’n beredeneerde rassis. Dit blyk al uit die voorgeskrewe kleredrag van sy huisbediende wat haar buiten vir haar gesig volledig moet bedek en die manier waarop hy Oom Chai ontvang. Hy en sy kerkraad help Vatmaar wel met ’n kerkgebou, maar sorg terselfdertyd vir ’n opvallende afstand.

Naas rassisme is gierigheid die prominentste boosheid in *Vatmaar*. Juis dit word verbind met die kerk. ’n Geskiedenis waarin dit besonder skerp geïllustreer word, is dié van “Hendruk Jannewarie en die blink klip” (166-173). Reverend Elias Cobb is onmiddellik nadat sy vrome en naïewe ouderling ’n diamant opgetel het, gereed om die geld vir ’n nuwe pastorie in te palm. Dit lyk ook of hy die steen self wil steel. Wanneer Hendruk ’n swaar en onregverdigde vonnis kry, slaan die “reverend” toe op sy skamele besittings en blyk inderdaad iemand te wees wat nie sy gemeentelid bystaan nie, maar deurgaans gereed was om hom te misbruik. ’n Mens kan hierby in gedagte hou hoe Burgers sy dominee ook al gou laat dink aan die moontlikhede wat Piet se hertogskap inhou vir die “Leraarsfonds” (Praamstra 2004: 64, 73)!

Pas die skrywer van *Vatmaar* waag dit dus om so ver te gaan soos wat Burgers in sy maatskappykritiek meer as ’n eeu eerder gedoen het, naamlik om die boosheid aan te wys in die kern van die sisteem wat pretendeer om God op aarde te verteenwoordig, naamlik die kerk self.

11. Besluit

Om saam te vat: uit die weliswaar kriptiese bespreking hierbo blyk dat Burgers se werk inderdaad in verskillende opsigte in verhouding staan tot latere Afrikaanse dorpsverhale. Dit geld ook die ander en meer prominent variant van Afrikaanse mikrokosmiese verhale, naamlik die sogenaamse plaasroman. Dit het onder meer geblyk dat selfs die “derde fase” van die plaasroman wat o.a. Lubbe en Wiehahn beskryf, reeds in Burgers se werk in verskeie opsigte ’n voorganger gehad het. Dit is ewe merkwaardig dat die mikrokosmiese Afrikaanse dorpsverhaal pas met *Vatmaar* die eerste keer sy 19de eeuse voorganger van agter af inhaal wat betref die hoeveelheid en verskeidenheid, die optiek van waar die maatskappykritiek plaasvind en gewaagdheid by die identifisering van die bose.

In 'n artikel soos hierdie kan daar nie veel verder gegaan word as om verbande aan te wys nie. Op grond daarvan kan egter opnuut gekonstateer word dat Suid-Afrikaanse Nederlandse geskrifte wel aandag verdien én nie buite rekening gelaat mag word wanneer daar na literêre ontwikkelinge en tradisies in Afrikaans gekyk word nie.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronne

- Appelgryn, M. S.** 1979. *Thomas Francois Burgers, staatspresident 1872-1877*, Pretoria/Kaapstad: HAUM.
- Bakker, S e.a. (red.)** 1994. *Overzicht van de Europese letteren van Homerus tot heden II*, Amsterdam: Meulenhoff/Icarus.
- Brink, A. P.** 1998. *Duiwelskloof*, Kaapstad, ens.: Human & Rousseau.
- Burgers, dr. T. F.** 1882 *Tooneelen uit ons dorp*, 's-Gravenhage: Henri J. Stenberg.
- Burgers, T. F.** 2007. *Tonele uit ons dorp*, Pinelands: Africana Uitgewers.
- Conradie, E.** 1934. *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika I*, Pretoria/Kaapstad: J.H. de Bussy/H.A.U.M. v/h J. Dusseau & Co.
- Dekker, G.** 1932. "Inleiding" by *Camera Obscura* van Hildebrand, Pretoria/Kaapstad: J. H. de Bussy; H.A.U.M. v/h Dusseau & Co.
- De Villiers, A. J. D.** 1936. *Die Hollandse taalbeging in Suid-Afrika*, Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- De Vries, Abraham.** 1986. *Vertelpatrone in die Afrikaanse kortverhaal*, ongepubliseerde proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.
- De Vries, A. H.** 1989. *Kortom 2, 'n gids by die Afrikaanse Kortverhaalboek*, Kaapstad/Pretoria: Human & Rousseau.
- Du Plessis J.** 1920. *Het leven van Andrew Murray*, Kaapstad: De Zuid-Afrikaanse Bijbelvereniging.
- Engelbrecht, dr.S. P.** 1933 *Thomas Francois Burgers*, Pretoria/Kaapstad: J.H.de Bussy/H.A.U.M. v/h Jacques Dusseau & Co.
- Geerts, G. e.a.** 1984. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*, Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Gerwel, G. J.** 1983. *Literatuur en Apartheid*, Kasselsvlei: Kampen-Uitgewers.
- Giliomee, H en Mbenga, B.** 2007 *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad: Tafelberg.
- Hanekom, T. N.** 1951. *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, 'n kerkhistoriese studie*, Stellenbosch: Christen-Studentevereniging-Maatskappy.

- Jensma, G.** 2004. *De Gemaskerde God, Francois HaverSchmidt en het Oera Linda-boek*, Zutphen: Walburg Pers.
- Kannemeyer, J. C.** 2005. *Langenhoven: 'n lewe*, Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Leroux, E.** 1964. “'n Dag in Berg-en-Dal – Drieduisend siele”, in: *Windroos*, Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Lijphart-Bezuidenhout, T.** 1972. Onderveldse dorpsstonele waar niemand van weet of praat, *Standpunte XXV*, nr.4 April 1972.
- Lijphart-Bezuidenhout, T.** 1984-85. Thomas Francois Burgers – Tooneelen, *Tijdschrift voor Nederlands en Afrikaans* jg. 2: 1 Mei., jg. 2 : 2 September, jg. 2: 3 December. Jg. 3: 1,2 Mei/September.
- Lubbe, H. en Wiehahn, R.** 2000. Die Afrikaanse plaasroman in die 20ste eeu, *Stilet* jg.XII:2, September.
- Praamstra, O. (samesteller)** 2004. *Thomas François Burgers, Dorp in het onderveld, Zuid-Afrikaanse verhalen*, Amsterdam: Athenaeum/Polak & Van Gennep.
- Roos, H.** 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In: Van Coller, H. (red.) *Perspektief en Profiel, 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*, deel I, Pretoria: J. L. van Schaik.
- Scholtz, A.H.M.** 1995. *Vatmaar*, Kaapstad: Kwela Boeke.
- Smit, ds. A. P.** 1956. *Eufoesalbum Hanover*, Hanover: N. G. Kerkraad.
- Thoreau, H. D. s.j.** (first edition 1854) *Walden or life in the woods*, Mount Vernon, N.Y.: Peter Pauper Press
- Ulfers, S. s.j.** *Oostloorn Dorpschetsen*, Rotterdam: D. van Sijn & Sonen.
- Van Coller, H. P.** 1995. “Die Afrikaanse plaasroman as ideologiese refleksie van die politieke en sosiale werklikheid in Suid-Afrika”, *Stilet* jg. VII:2, September.
- Van Coller, H. P.** 2006. “Die representasie van plaas, dorp en stad in die Afrikaanse prosa”, *Stilet* XVIII:1, Maart.
- Van der Walt e.a. (red.) s.j.** *Geskiedenis van Suid-Afrika*, Kaapstad, ens.: Nasou Bpk.
- Van Heerden, E.** 2002. *Die swye van Mario Salviati*, Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Van Koetsveld, C. E. s.j.** 13de druk *Schetsen uit de pastorie te Mastland*, Arnhem/Nijmegen: Gebrs. E & M. Cohen.
- Van Rinsum, H. J.** 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap, een geschiedenis van de banden van de Utrechtse Universiteit met Zuid-Afrika*, Hilversum: Uitgeverij Verloren.
- Van Zyl, W. J.** 1992. “Regionale Literatuur” in: Cloete, T. T. (red.) *Literêre terme en teorieë*, Pretoria: HAUM-Literêr.
- Van Zyl, W. J.** 2007. *Elke slot 'n weerbegin*, Bellville: Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland.
- Viljoen, L.** 1993. *Karolina Ferreira*, Kaapstad, ens.: Human & Rousseau.
- Viljoen, ds. P.J.** 1949. *Ek kyk terug*, Kaapstad/Pretoria: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

Wezel, R. 1993. “December 1839: Kneppeelhout publiceert ‘De student-Leydenaar’” in: M.A. Schenkeveld-Van der Dussen e.a. *Nederlandse Literatuur, een geschiedenis*, Groningen: Martinus Nijhoff Uitgevers.

Note

1. 'n Volledige, in Afrikaans vertaalde uitgawe, *Tonele uit ons dorp*, Pinelands: Africana Uitgewers, het in 2007 verskyn. Aanhalings in hierdie artikel word vergesel van bladsyverwysings na die Praamstra-uitgawe, maar wanneer dit gaan om passasies of verhale wat by hom ontbreek, sal ter wille van kontrole bladsynommers in lg. uitgawe aangegee word hoewel die Nederlands behou word.
2. Burgers se werk is dus ook 'n belangrike voorloper in die ontwikkeling van die regionale literatuur in Afrikaans wat deur Roos (1998: 41) as 'n tendens van “klein-realisme” uitgewys word. Omdat haar oorsig uitsluitlik beperk is tot geskifte in Afrikaans en tot die 20ste eeu word die kontekstuele verband buite rekening gelaat en is dit 'n voorbeeld van die leemtes wat op hierdie wyse ontstaan.
3. Pseudoniem vir Nicolaas Beets (1814-1903).
4. Daarna onttrek Burgers hom aan die situasie om staatspresident van die jong Transvaalse Republiek te word. Ook dan is sy optrede dié van 'n uiters progressiewe figuur. Kenmerkend is sy planne vir die Delagoabaai-spoorweg wat pres. Paul Kruger later met volle erkenning aan hom sou laat voltooi. Tydens 'n besoek aan Nederland ontvang hy ook 'n eredoktoraat van sy alma mater, die Universiteit van Utrecht. Hy is nogtans magteloos om sy volksraad te oortuig van die slinkse aard van die oprukkende Britse Imperialisme en moet as ontgogelde uitree wanneer Brittanje die Transvaal in 1877 sonder slag of stoot annekseer. Hy sterf enkele jare later, kort nadat Kruger en sy makkers die vryheid herwin met met die Slag van Majuba (1881).
5. Sy publiseer daaroor en sorg dat voorbeelde van die verhale in *Standpunte* (jg XXV: 4, 1972) en *Tydskrif voor Nederlands en Afrikaans* (1984-1985) verskyn.
6. Sprekend hiervan is Burgers se gebruik van die taalkundige onvermoë van die Onderveldse gewaande edelman, Pieter, (Burgers 2007:89) om sowel dié se selfoorskating as sy gebiedsgebondenheid te beklemtoon. Die man sê: “ik heef (...) jou banja te vertel”. “Heeft” word hier verkeerd gebruik en die implikasie is dat dit al onder Afrikaanssprekendes soos hy 'n rareiteit geword het. Terselfdertyd is die “banja” Afrikaans se bekendste leenwoord uit Maleis. Hy praat dus tegelyk “hoog” en “laag” terwyl hy in die betrokke situasie probeer deftig wees.
7. Dit is trouens 'n boek waarin dorps- en boerderygemeenskap 'n eenheid vorm en die harmonie met die natuur invloed van Thoreau se *Walden* (1854) en die ekologiese laat vermoed. Ulfers se boek voeg 'n Christelike element tot hierdie ideologiese lading toe, maar meer nie. Langenhoven se gesatiriseerde Oudtshoorn (*Sonde met die bure*, 1921, en *Herrie op die ou tremspoor*, 1925, ens.) en C.M van den Heever se *Kromburg* (1937) gaan al heeltemal aan hierdie soort idille verby.
8. Die Xhosa's het pas iets minder as 'n dekadetevore hul mag as teenstanders van die koloniale opmars verloor met die sg. “Xhosa-selfmoord” van 1857 en dus die Britse bewind in die Kaapkolonie voorlopig nagenoeg onbetwis gelaat terwyl hulle in groot aantalle hul tradisionele tuistes en leefwyse moes verlaat

om as arbeiders by blankes 'n heenkome te soek (vgl. o.m. Van der Walt e.a. s.j.: 258). Op hierdie stadium was die Khoisan al lank in so'n posisie. Ironies genoeg sou ook die Griekwas enkele jare na hierdie publikasie, ná die oënskynlike erkenning van hul aanspraak op die "diamantvelde", eweneens hul grondgebied en kulturele hartland verloor (Giliomee 2007: 159).

9. Dit gaan vir Gerwel by hierdie fase daarom dat gekleurde personasies terugval tot nagenoeg toevallige randfigure, iets wat in die voorafgaande tydperk natuurlik ook wel voorkom hoewel nie deurgaans nie.
10. Die stereotipe waaroor Gerwel (onder andere) dit het, het dus 'n verband met die Nederlandse "typegenre" wat deur Wezel (1993) beskryf en vir 'n deel deur Burgers nagevolg is. Dat Gerwel dit nie by sy studie betrek nie, is 'n voorbeeld van die miskyk van kontekstuele verbande deur Afrikaanse literatore omdat die Suid-Afrikaanse Nederlandse letterkunde buite rekening gelaat is.
11. Regionale dorpsverhale wat gaan om "enkelvoudige" probleme word hier dus nie betrek nie. Skrywers soos Abraham H. de Vries sorg byvoorbeeld wel vir dorpsverhale wat 'n springplank bied tot "internasionale" problematiek (vgl. Van Zyl 2007: 28).
12. Hul uitspraak klop nie volkome as 'n mens byvoorbeeld die opstand van die swart werkers in Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* in berekening bring nie.
13. Soos Van Collier aandui, het literêre dorpe die laaste dekades opeens in Afrikaans toegeneem. 'n Mens sou minstens Lettie Viljoen se *Karolina Ferreira* (1993), André P. Brink se *Duiwelskloof* (1998) en Etienne van Heerden se *Die swye van Mario Salviati* (2002) op hierdie literêre landkaart kan aanbring. *Vatmaar* is egter in 'n vergelyking met Burgers se werk meer relevant, veral ten opsigte van die magsverhoudinge.
14. Die manier waarop Leroux se verteller formuleer, toon gereeld wat 'n mens Momus-trekke (satire) kan noem, maar die erns is daarteenoor in ander passasies aanwesig. In sy verhaal is daar dus óók 'n "dubbele ingesteldheid" op die spel.